

Klub reëls

1. Speeltye

Die bane is daagliks oop vanaf 6:00 tot 22:00

2. Spelers

Die bane is beskikbaar vir lede sowel as dag-lede. Lede is senior en skoolier lede en dag-lede is mense wat net tydens gewone tye (uitsluitend spits tye) mag speel en nie aan liga deelneem nie.

3. Besprekings

1. Seniorlede is geregtig om enige tyd te bespreek. Dag-lede mag bane bespreek vir normale tye en mag slegs in normale tye speel. Slegs lede mag in spits tye speel. Sondae en publieke vakansiedae is daar geen spits tye nie.

Normale tye: Maandag – Donderdag: 06:00 – 16:00 en 20:00 tot 22:00.
 Saterdag: 06:00 – 10:00 en 15:00 – 22:00
 Vrydag en Sondag: 06:00 – 22:00
 Publieke Vakansie dae: 06:00 – 22:00

Spits tye: Maandag – Vrydag: 16:00 – 20:00
 Saterdag: 10:00 – 15:00

2. Niemand is geregtig om meer as 30 minute per dag te bespreek nie. 'n Lid en 'n dag-lid mag net 30 minute speel. Indien die 30 minute verstryk het en die baan nie bespreek is nie, of die persoon nie opdaag vir sy bespreking nie, kan die lid of dag-lid 'n verdere 30 minute speel.
3. Indien 'n speler nie binne 5 min opdaag vir sy bespreking nie, verbeur hy die bespreking en is 'n ander speler geregtig om die baan te gebruik. 'n Lid het egter ALTYD voorkeur.
4. Bane moet op die halfuur ontruim word indien daar 'n ander speler vir die baan wag, ongeag of daar nog lig tye oor is op die meter.
5. Indien 'n lid se besprekte tyd verstryk het, en daar nie 'n verdere bespreking daarna is nie, sal die lid voorrang geniet bo 'n dag-lid om die baan vir 'n verdere halfuur te beset.
6. Lede geniet te alle tye voorrang bo dag-lede ten opsigte van die gebruik van onbesprekte bane.
7. Indien dag-lede op 'n baan speel gedurende onbesprekte tye, mag hulle die baan gebruik tot op die volgende halfuur, ongeag of die lig tye verstryk het. Indien geen lid wil speel nie mag die dag-lid speel totdat sy lig tye verstryk het.

4. Klere drag

1. GEEN swart- of donkerskool skoene word op die bane toegelaat nie;
2. GEEN kaalvoet persone word op die bane toegelaat nie;
3. Spelers moet te alle tye volledig geklee wees en GEEN kaal bolywe word toegelaat nie.

5. Algemeen

1. Indien ouers van kinders vergesel word, moet die kinders stil gehou word en nie 'n oorlas wees vir die ander spelers nie. Daar moet veral daarop gelet word dat die kinders nie die glasdeure van die bane oopmaak terwyl spel aan die gang is nie. Geen kinders word op die bane toegelaat nie, tensy hulle muurbal speel.
2. Alle persone wat hulle op die Klub se perseel bevind, doen dit op hulle eie risiko en die Klub sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade van welke aard ookal nie, hetsy dit voortspruit uit die nalatige optrede van die Bestuur van die Klub of van sy werknemers of lede of die eienaar van die gebou of werknemers.
3. Alle persone wat hulle op die Klub se perseel bevind, onderwerp hulle aan die reëls soos omskryf in die bywette van Northern's Muurbalvereniging asook die Klubreëls.
4. Indien enige persoon nie opdaag vir sy bespreking nie, sal 'n boete gehef gelykstaande aan die ligtefooi vir die besproekte tyd. Die boete sal verhaal word van die persoon se beskikbare ligtegeld op die besprekingstelsel.
5. Indien enige lid se lidmaatskapsgelede nie betaal is nie en daar nie 'n reëling met die Bestuur getref is vir die afbetaling nie, sal Bestuur geregtig wees om sodanige lid te verbied om verder van die Klubfasiliteite gebruik te maak totdat die lidmaatskapsgelede betaal is.

6. Klubetiek

Klubetiek geld ten alle tye. Dit sluit (en is nie noodwendig omvattend nie) die volgende in:

1. Dameskleedkamers is vir dames. Geen man sal toegelaat word om die dames se kleedkamers hoegenaamd te gebruik nie.
2. Misbruik van alkohol sal nie geduld word nie.
3. Persoonlike higiëne word verwag.

REG VAN TOEGANG VOORBEHOU

Club rules

1. Playing times

The court are open every day from 6:00 to 22:00.

2. Players

The club is open to members and day-members. Members are senior and scholar members and day-members are persons whom may only book and play during normal times.

3. Bookings

1. Members are entitled to book at any given time. Day-members may only play and book in normal times. Only members may play in peak times. Sundays and public holidays there are no peak times and day-members' playtime is subject to members' bookings.

Normal times: Monday - Thursday: 06:00 - 16:00 and 20:00 to 22:00.
 Saturday: 06:00 - 10:00 and 15:00 - 22:00
 Friday and Sunday: 06:00 - 22:00
 Public Holidays: 06:00 - 22:00

Peak times: Monday - Friday: 16:00 - 20:00
 Saturday: 10:00 - 15:00

2. No one is entitled to book more than 30-minutes per day. If your 30-minutes are over and no one has booked the court, you may play for another 30-minutes.
3. If a player does not arrive within 5-minutes for his/her booking, the player forfeits the booking and another player is entitled to use the court. However, a member will always get preference.
4. The courts should be made available on the half hour for another player waiting for the court, irrespective of light time still available.
5. If a member's booked time has expired and there is no further booking thereafter, the member will take precedence over a non-member to occupy the court for another half hour.
6. Members always enjoy priority over day-members regarding the use of non-booked courts.
7. If day-members play on a court during non-booked times, they may use the court until the next half hour, regardless of whether the light time has expired. If no member wants to play, the non-member may play until his light time expires.

4. Clothing

1. No black or dark sole shoes are allowed on court;
2. No barefoot person will be allowed on court;
3. Players must always be clothed.

5. General

1. If players are accompanied by children, the children must be kept quiet and not a nuisance to the other players. Particular attention should be paid to the fact that the children do not open the glass doors of the courts while play is in progress. No children are allowed on the courts unless they play squash.
2. All persons who find themselves on the Club's premises do so at their own risk and the Club shall not be liable for any loss or damage of any kind whatsoever, whether resulting from the negligent conduct of the Club, or its employees or members or the owner of the building or employees.
3. All persons who find themselves on the Club premises are subject to the rules as defined in the Northern Squash Association Bylaws and the Club Rules.
4. If any person does not arrive for his booking, a penalty will be charged equal to the light fee for the booked time. The penalty will be recovered from the person's available lights on the reservation system.
5. If any member's membership fees have not been paid and an arrangement with Management has not been made for the repayment, Management shall be entitled to prohibit such member from making further use of the Club Facilities until the membership fees have been paid.

6. Club ethics

Club ethics always apply. This includes (and is not necessarily comprehensive) the following:

1. Women's changing rooms are for ladies. No man will be allowed to use the Women's changing rooms whatsoever.
2. Alcohol abuse will not be tolerated.
3. Personal hygiene is expected.

RIGHT OF ADMISSION RESERVED